Die Wapad

IN U LIG

FERDINAND POSTMA BIBLIOTEEK

CLAASSEN & GROBLER (EDMS.) BPK.
Kerkstraat 193
POTCHEFSTROOM
★ MANS-, SPORT- EN KINDERUITRUSTERS

JAARGANG XIX DINSDAG 21 APRIL 1964 Nr. 4

OFFISIëLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

# 18 DOKTORSGRADE WORD TOEGEKEN

## 42% Latere Grade!

**VERLEDE SATERDAG het die Kanselier van die Universiteit, sy Edele Minister Jan de Klerk, aan vierhonderd twee-en-dertig studente grade toegeken, waarvan 42 persent tweede of latere grade was. Onder die getal is ook agtien doktorsgrade toegeken: voorwaar 'n groot prestasie vir 'n Universiteit van hierdie grootte. Dit is 'n mylpaal op die weg van hierdie Universiteit en strek almal wat met hulle opleiding te doen gehad het tot groot eer. ...**

**Wat die doktorsgrade betref, is daar byna in elke fakulteit 'n doktorsgraad toegeken. Een van hierdie doktorsgrade, nl. die een aan wyle mnr. Hefer, is egter posthuum toegeken. Prof. Chris Coetzee, die vorige rektor, het ook die eer gehad om aan sy seun, ds. Coetzee, 'n doktorsgraad in Teologie toe te ken.**

Op die plegtigheid sou die direkteur van die Buro van Standaarde, dr. A. W. Lategan, as hoofspreker opgetree het. Weens sy siekte was dit egter onmoontlik en het die rektor, prof. H. J. J. Bingle, sy toespraak voorgelees.


Dr. Lategan het al die graduandi geluk gewens en gesê dat hy weet dat hulle nie alleen akademies behoorlik bekwaam is nie, maar ook geestelik goed toegerus is vir hulle verdere loopbane. Hy het die hoop uitgespreek dat hulle verdere loopbane nie alleen suksesvol sal wees tot hulle eie voordeel nie, maar tot groot nut vir ons volk.

**BLOOTGESTEL AAN DRUK**

Dr. Lategan se toespraak lui verder dat ons hier in Suid-Afrika blootgestel is aan druk uit Afrika as gevolg van die swart nasies se drang na kennis en daarom is dit ons plig om te studeer. Daar rus op ons klein blanke bevolking 'n groot verantwoordelikheid, ja veel meer—'n verpligting, om ons steeds beter en vinniger toe te rus vir die stryd en om die mensemateriaal te lewer wat ons stukrag gaan vorm. Daar sal gewoeker moet word met die talente.

**Dr. Lategan het hom tot die graduandi gewend en aan hulle gestel dat alle sukses gebaseer is op gesonde volkslewe en syns insiens van die grootste belang, 'n hegte, gesonde, stabiele gesinslewe. 'n Gesonde, hegte stabiele gesinslewe is 'n voorvereiste**

(Na bladsy 3)



MINISTER DE KLERK
(Foto „Die Nuus")

## Weiss Doubell Bedank

Mnr. Weiss Doubell het as gevolg van vele werksaamhede bedank as Hoofredakteur van „Die Wapad". Mnr. Hennie Viljoen volg hom op as nuwe Hoofredakteur.

In die afgelope uitgawes van „Die Wapad" het mnr. Doubell homself as 'n bekwame hoofredakteur bewys, soos ook getuig in 'n mosie van gelukwensing met sy eerste uitgawe verlede jaar.

Mnr. Hennie Viljoen het 'n moeilike taak om te volvoer as hy die standaard van mnr. Doubell wil handhaaf.

## Puk Verower Dalrymple Beker



**P. Botha en mnr. Bosman.**

**Eindelik, na veertig jaar, het die P.U. vir C.H.O. die voorreg om die Dalrymple-beker vir minstens die volgende jaar tussen die ander bekers van die Puk uit te stal.**

Die mees begeerlike trofee, sover dit universitêre atletiek betref, het vir die eerste keer vandat die beker geskenk is na die Puk gekom. Die Pukspan het hulle trots gedra en was wonderlike gesante. Met eer het hulle die Puk se krag bewys.

## Redenaarskompetisie Vind Plaas

Die kompetisie vind op Vrydagaand 24 April in die Hoofgebousaal van die Puk plaas. Die onderwerpe is die volgende:

(1) Wat is die doel van die medemenslikheid in die wêreld vandag?
(2) Ons land moet deur Natuurwetenskaplikes regeer word.
(3) Die Afrikaner is Sportmal, maar hy vaar nie so goed nie wat al die sportsoorte betref nie.
(4) Die rol van die pil in die moderne mens se lewe.
(5) Die moderne skilderkuns, musiek en letterkunde vertoon almal chaotiese kenmerke.
(6) Suidwes gaan die V.V.O. en wêreld die stok gee wat blanke S.A. uiteindelik gaan doodslaan.
(7) Sal oorsese boikotte S.A. van sy ingeslane weg van afsonderlike ontwikkeling afdwing?
(8) Is die Afrikaner besig om van sy tradisies prys te gee in navolging van die res van die wêreld?

Oor enige van bostaande onderwerpe moet 'n redenaar vir 5 minute kan praat. Dit kan op die volgende maniere beantwoord word: Ja, positief, of Nee, negatief, of Ja Nee, positief negatief.

'n Paneel van boordelaars sal die finale beslissing gee op grond van verskillende oorwegings.

Die wenner verower die Wolnit Redenaarstrofee asook R25, terwyl die tweede prys R15 en die derde R10 is.

Almal is welkom om te kom en te redeneer oor enige van die onderwerpe.

MOENIE KANSE VAT NIE . . .
Kies
FOTOKUNS
vir
PORTRETTE
en
GROEPFOTO'S
MAAK 'N AFSPRAAK —— SKAKEL NET 3185

# NUWE LABORATORIA WORD INGEWY

**„DIE KOERS en karakter van 'n volk word nie bepaal deur die massa nie, maar wel deur die enkeling en die kerngroepies van die volk," het dr. Albert Hertzog, minister van Pos- en Telegraafwese en Staatsgesondheid verlede Vrydag by geleentheid van die ingebruikneming van die nuwe laboratoria vir Farmasie en Fisiologie gesê.**

**Die verrigtinge is begin deur skriflesing uit Ps. 89 en gebed deur dr. S. C. W. Duvenhage. Daarna het die Rektor, prof. H. J. J. Bingle, almal teenwoordig welkom geheet en Dr. Hertzog en die Kanselier min. Jan de Klerk aan die aanwesiges voorgestel.**

Die naam „Hertzog" is nou verbonde aan die P.U. vir C.H.O., want 'n paar jaar gelede is die Hertzog-versameling aan hierdie inrigting geskenk. Dr. Hertzog is 'n persoon met 'n besondere belangstelling vir die verontregtes en die leemtes in die lewe. Dit is dan ook nie snaaks dat hy minister van Staatsgesondheid is nie. Daarom is hy gevra om die opening waar te neem, want albei laboratoria is in nouesamehang met die gesondheid van die volk.

In sy rede het dr. Hertzog dit beklemtoon dat dit 'n voorreg is om aan 'n klein universiteit te studeer. Die P.U. vir C.H.O. is langsaam en sorgsaam opgebou deur een van daardie kerns van ons volk en van hierdie universiteit het daar baie leiers uitgegaan in ons volkslewe.

Net soos die kiem van 'n mielie die lewe en toekoms van die mielieplant bepaal, so bepaal die kern van 'n nasie, hard en besielend, die lewe en toekoms van 'n nasie. Die verlede van ons volk is deur 'n Hoër Hand en hierdie kern van die volk geskep; net so ook die toekoms.

**Die akademiese standaard en kwalifikasies van die P.U. vir C.H.O. vergelyk met die bestes in die land. Hier op Potchefstroom is die studente boonop nog vry van die ondermynende invloede van groot stede. Hier kan 'n mens nog Afrikaner bly en hier kan 'n mens lewe in die ware sin van die woord.**

In die Fisiologie-departement is alreeds baanbrekerswerk verrig met proewe oor mieliemeel, magnesium en ook intensiewe eksperimente i.v.m. kolestrol van die bloed. Belangrike ontdekkings is al op hierdie gebiede gedoen.

Die afgelope dekade of twee het die Farmasie-wêreld groot vooruitgang belewe. Sowat 'n 20 jaar gelede was daar net medisynes wat vir die mens verligting kon gee; vandag, na lang jare van proefnemings, is daar al baie doeltreffende medisynes op die mark. Medisynes word nie meer empiries aangewend nie, maar die werklike chemiese uitwerking is goed bekend. In die verlede het hulle gespog met ag tot nege middels, vandag word nuwe middels byna daagliks uitgewing en a.g.v. hierdie ingrypende ontwikkeling het die Farmasie-wêreld baie verander. Omdat daar jaarliks oor die 2,000 nuwe geneesmiddels uitgevind word, word die aptekers se rol steeds belangriker.

Geneesmiddels is vreemd vir die menslike liggaam want dit het 'n vergiftende uitwerking deur langdurige gebruik, daarom is die apteker daar om, met sy kennis van medisynes, die dokter by te staan en te adviseer. Samewerking tussen hierdie twee beroepe is dus baie belangrik.

Die afgelope 10 jaar is die apteker egter in 'n hoek gedryf deur die winkelier, die Farmaseutiese vereniging en baie ander instansies. Gevolglik word die apteker 'n winkelier om 'n bestaan te maak; hy verkoop nou, behalwe medisynes, ook grimeermiddels, fotografiese apparaat en allerlei ander ware wat nie in 'n apteek tuishoort nie. Die gemeenskap word nou onthou van die diens wat die apteker eintlik moet lewer.

Gelukkig vir die apteker, het nou ander deure vir hom oopgegaan, want hy kan nou diens aan die samelewing lewer deur by een van die talle fabrieke wat in die afgelope tyd opgerig word, te gaan werk. Die Farmaseutiese Industrie is nog in sy kinderskoene, maar dit groei met 'n vinnige tempo. Oud-Pukke staan aan die spits van 'n paar sulke ondernemings en die toekoms lyk baie rooskleurig, want daar maak jaarliks knap manne hier klaar. Die P.U. vir C.H.O. produseer mense vir byna elke gebied van die lewe en die Farmaseutiese departement skool manne vir belangrike poste in die gemeenskap.

Dr. Hertzog het sy rede afgesluit deur die erkentlikheid van die volk uit te spreek teenoor die Raad en Senaat van die P.U. vir C.H.O. vir die oprigting van sulke departemente tot diens van die mense van ons land. Onder luide toejuiging het Dr. Hertzog gaan sit waarop die Rektor Dr. Hertzog bedank het vir sy mooi woorde.

BESOEK ONS VIR VRIENDELIKE DIENS EN MEUBELS VAN GEHALTE

**TRANSVALIA MEUBELS**

Tel. 2157 Kerkstraat 180

POTCHEFSTROOM

*„ONS MEUBELS WORD ERFSTUKKE"*

„VLEISPASTEI en TAMATIESOUS asseblief . . ."

Turkstra

*TE KRY BY U KAFETERIA*

***Aandag Pukdames!***

**TE KOOP**

1 P.U.-KLEURBAADJIE (net een winter gedra) ..... @ R10

1 MAROEN SPORTROKKIE met geel voering (Nr. 36) @ R5

1 PUK-HOEDJIE ..................... @ R1

Doen navraag by mev. Heslinga, in Klawerhof.

# KOMMUNISME IS AKTUEEL

**Die wysgerige Vereniging bied vanjaar 'n aktuele probleem vir bespreking. As sentrale tema word „Kommunisme as Konfrontasie" in die vooruitsig gestel. Hierdie problematiek sal vanuit die volgende gesigspunte besien word: wysgerig, teologies, staatkundig, ekonomies en opvoedkundig.**

**Die Wysgerige Vereniging bied hiermee die geleentheid om uself ten opsigte van hierdie vraag te verantwoord, asook die werksaamhede van die pas afgelope Volkskongres oor kommunisme ten volle te benut. U word hartlik uitgenooi om hierdie saak saam met ons in oënskou te neem—kennisgewings in verband met die betrokke vergaderings sal op die kennisgewingbord verskyn.**

# Letterkundige Vereniging Bied Sprankelende Program

**'N SPRANKELENDE programaand is Woensdagaand, 15 April deur die Letterkundige Vereniging aangebied. Dit is die eerste programaand wat in Engels aangebied is en 'n besonder hoë standaard is deurgaans gehandhaaf.**

Mej. J. Ross, lektrise in die departement Engels, het die vergadering toegespreek oor 'n onlangse opvoering van „King Lear" wat sy gesien het onderwyl sy met haar studies aan die Cambridge se universiteit besig was. Sy het die stelling van sommige kritici, naamlik dat „King Lear" nie vertolkbaar is nie, verwerp. Sy het egter daarop gewys dat besonder streng eise aan die regisseur gestel word en dat die poësie geen oomblik oorskadu mag word deur oordrewe dramatiese gebeure nie.

Gedeeltes uit 'n paar dramas van Shakespeare is op Meesterlike wyse voorgedra deur mej. Kristie Jordaan. Veral die gedeeltes uit Macbeth is besonder gevoelvol voorgedra. Gedeeltes uit „The Merchant of Venice", „Hamlet" en „Julius Ceasar" het die gehoor opnuut onder die indruk gebring van die pragtige poësie van al Shakespeare se dramas.

'n Humoristiese siening van wat 'n gedig behoort te wees, is weergegee in die voordragte van mej. Helen Porter-Smith. Sy het die gehoor telkens laat skaterlag deur haar uitstekende vertolking van hierdie gedigte.

Mnr. Anton Roodt het 'n bespreking van die komiese karakter, Falstaff, gegee. Hy het daarop gewys dat Shakespeare se tragedies en komedies meer bekend is as die historiese dramas, maar dat die historiese dramas geensins minder interessant is nie.

Indien die Letterkundige Vereniging op hierdie weg voortbou, behoort hierdie vereniging goed in sy doel te slaag om liefde vir die letterkunde by die lede aan te wakker en steeds te laat toeneem.

# Studentekoor van Wêreldgehalte Beoog

**DIE STIGTING van 'n studentekoor van internasionale gehalte wat in die buiteland uitvoerings kan aanbied word beoog.**

Sen. Jan de Klerk, Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, het 'n kommissie benoem om ondersoek in te stel en verslag uit te bring oor die moontlikheid dat 'n gesamentlike universiteitskoor op die been gebring word.

Die gedagte is dat die koor saamgestel moet word hoofsaaklik uit studente aan universiteite met departemente musiek en musiekkonservatoriums. Die koor sal in vakansietye in die buiteland uitvoerings kan aanbied.

Die lede van die kommissie is prof. G. Gruber, Hoof van die Departement Musiek aan die Universiteit Rhodes (voorsitter), prof. M. C. Roode, Hoof van die Departement Musiek aan die Potchefstroomse Universiteit, prof. J. P. Malan, hoof van die Departement Musiek aan die Universiteit van Pretoria, mnr. R. H. Behrens, Direkteur van die Musiekkonservatroium van Stellenbosch, en mnr. Dirkie de Villiers, Inspekteur van Musiek in die Vrystaat.

## Kwartaalblad Verskyn

'n Kwartaalblad met die naam „Libra", geinisiëer deur die P.U. Regsvereniging, gaan verskyn. Hierdie blad is daargestel vir Regstaatswetenskappe en is onder redaksie van mnr. F. A. de Villiers.

Die inhoud van die eerste uitgawe behels:

(i) Artikels; (ii) Aantekeninge, probleme en kommentaar; (iii) Plaaslike en ander nuuskroniek; (iv) Hofsake.

## Prof. G. Eloff Tree op

Korps Veritas Vincet hou Woensdagaand 22 April 'n ledevergadering in die Studentesaal. By die geleentheid tree prof. G. Eloff, hoogleraar in die Genetika aan die Universiteit van Oranje Vrystaat, op met 'n lesing oor 'n aktuele aspek van die afstammingsleer. Die kwessie van Evolusie sal hierby deeglik ter sprake kom.

Prof. Eloff gaan uit van 'n Christelike standpunt en glo dat dit ook op hierdie terrein van die wetenskap gehandhaaf moet word.

---

Die finale Interkoshuis-Vasvra vind Donderdagaand om 7.30 tussen Klawerhof, Heimat en Dawie Dup. plaas vir die Ingram-trofee.

Daarna volg 'n pouse en daarna kom 'n gekombineerde koshuisspan teen die Dorpspan te staan. Dit sal vriendskaplik wees.

## Gathland Hard Besig

Gathland is so hard besig om voorbereidings te tref vir hulle meesterkonsert op Saterdag 25 April, dat daar nie juis vir veel ander dinge kans is om te gebeur nie. Die enigste een wat nog tyd kon afknyp om nuwe sleepbande te smee, was Suzanne Nefdt wat vir Guim Uys aangekeer het.

Alle Pukke en die hele publiek van Potchefstroom word weer herinner aan die konsert —dis absoluut waarde vir geld hierdie. Dis nie elke dag dat 'n mens Gert Potgieter, Nohline Mitchell en ander bekende kunstenaars te sien en hoor kry vir 'n derde van die gewone prys nie! Die hele okkasie word natuurlik georganiseer met die doel om nuwe meubels aan te koop, en daar word verwag dat die ondersteuning oorweldigend sal wees.

(Toe Pukke, ruk op in julle hordes, en onthou dis goedkoper om te sleep.—Red.)

**Ons dink aan Myrna Davies wat haar moeder aan die dood moes afstaan. Ons innige meegevoel, Myrna.**

# *Volkspelers Besoek Wildtuin*



**AGTER (l.—r.): Pieter van der Walt, Jurie Venter, nig. Marie Vosloo, Oom Vossie, Theo Jooste en Nico van der Merwe.**

**VOOR: Martie Vorster, Pietra Hammersma, Herma Roux en Tersia Geere.**

Dit was met hoë verwagtings dat die vier pare Volkspelers en hul reismoeder die oggend van 30 Maart die lang pad na die Kruger Wildtuin gevat het. 'n Week later het dieselfde groep, verryk deur die besieling van 'n Lenteskool, weer op die Puk aangekom.

Met Pieter van der Walt as Studenteraads - verteenwoordiger en tant Dollie de Beer as „Toerma", was die reis baie voorspoedig, die verbly aldaar gerieflik en die gees gemoedelik. Alhoewel daar self kosgemaak moes word, het elkeen maar sy kookvermoë op die proef gestel en was die gesondheid deurgaans goed.

Die lesings van die Lenteskool is waargeneem deur: Proff. Van der Schyff (Plante van die Wildtuin), Eloff (Diere van die Wildtuin), Dr. Strydom (Afrikaanse Letterkunde), Ds. Janson (Aktuele Godsdiens), Mnr. Gousard (Ons praat musiek) en een lesing oor die vrye biblioteekstelsel, terwyl die beamptes van die wiltuin rolprente vertoon het oor die verskillende Nasionale Parke.

Behalwe die lesings is daar ook aandag gegee aan Volksang onder die bekwame leiding van Nig Marie Vosloo. Die Volkspele elke aand het ook onder haar leiding gestaan. Terselfdertyd is ook 'n Leierskursus aangebied deur Oom Danie Vosloo, wat deur die P.U. Volkspeleleier bygewoon is.

Daar was heelwat tyd om die diere van die wildtuin te besigtig en die groep het die kans ten volle benut.

Die Pukke het hulself goed laat geld in die aktiwiteite van die Lenteskool. Die laaste aand met die Lenteskoolkonsert het al agt in die koor gesing. Almal het ook in die twee Volkspelegroepe wat 'n vertoning gelewer het, gespeel.

Na so 'n inspirerende week onder bekwame leiding, sal hierdie groep Volkspelers sekerlik probeer om meer geesdrif in die P.U. Volkspelelaer te blaas.

# Nederlandse Kunstenaar

Mnr. Albert Vogel, Nederlandse kunstenaar van wêreldfaam, het Donderdagaand, 9 April, in die plantkunde-laboratorium opgetree met 'n paar skitterende voordragte.

Hy was „aangrypend goed" (volgens prof. Cloete) en het bewys gelewer dat daar geen sprake van amateurwerk in sy voordrag bestaan nie.

Albert Vogel het die „Gladiatorengevecht" van Louis Couperus en werke van Hans Christian Andersen voorgedra wat spontane reaksie van die gehoor uitgelok het.

Mnr. Vogel het 'n nuwe vorm van eenmanstoneel ontdek wat die hedendaagse publiek besonder aanspreek. Dit is ook lofwaardig dat mnr. Vogel alleen van natuurlike middele, dit wil sê handgebare en lyfbewegings gebruik maak, dus décor nalaat, en hierna nog die byna volmaakte voordrag kan lewer.

Mnr. Vogel en sy gade, wat hom op sy reise deur al die lande van die wêreld vergesel, was in Potchefstroom die gaste van prof. en mev. Cloete.



Mnr. D. A. S. Herbst en mej. K. Jordaan het onlangs verloof geraak. Mnr. Herbst is president van die A.S.B., terwyl mej. Jordaan vanjaar hoofdame van die P.U. vir C.H.O. is.

**PRAGFOTO: Fotokuns**

# OP EIE HOUTJIE

MET hierdie segging wil ek aankondig dat ons nou afgeklim het van die groot redaksionele hout en nou op ons eie houtjie sal wees, hetsy die notebalkie, óf die houtjie van die esel van die skilder.

Hiermee wil ek aan elke belangstellende (ek hoop baie) die geleentheid bied om korrespondensie te voer oor die rubriek, sake uit die rubriek en ook om gedagtes in ons midde te stel oor ander fasette wat hier belangrik, noodsaaklik of interessant kan wees. Dit is nie gewoon dat almal alles wat hier aangebied word so sal aanvaar nie en dus wil ek u versoek om self ook te skryf. Ek voeg my dus hiermee by Cats:

„Eet wat gaar is,
drink wat klaar is,
spreek wat waar is.

Hierdie is alles meer gedagtes as wysheid, maar elke haan is tog immers koning op sy eie mishoop.

Rig u briewe aan: Die Kunsredaktrise, p/a Die Wapad.

# Sielkunde Gebruik Aurelle vir Spraakgebreke

**DIE ENIGSTE apparaat in sy soort in Afrika sal voortaan deur die P.U. gebruik word om spraakgebreke, waaronder hakkel, terapeuties te behandel. Hierdie apparaat wat as die Aurelle bekend is, word in Frankryk vervaardig, maar nie verkoop nie. Dit word verhuur aan professionele manne wat intensief daarvoor opgelei is. In Kanada word vier ouer modelle gebruik.**

Die spraakterapie aan die P.U. sal onder leiding van dr. C. D. Roode staan, wat verlede jaar aan die universiteit Ottawa gepromoveer het op grond van sy navorsing in verband met gehoordominansie en serebrale spraaklateraliteit. Dr. Roode is natuurlik hier aan die Departement Sielkunde verbonde.

Die apparaat werk volgens beginsels wat aan die Cyber Elsetika ontleen is, nl. die terugkoppeling van die pasiënt se stem na sy gehoororgane. Die rol wat die gehoor by spraakafwykings speel, is aansienlik. Eksperimenteel is reeds bewys dat een van die twee ore in die reguleringsproses van spraak die leiding neem.

Indien die leidende oor funksioneel sou verswak, kan dit teweeg bring dat die regulering van spraak deur middel van langer en swakker neurologiese verbindingsbane moet plaasvind. Dit kom meestal tot uiting in spraakafwykinge van uiteenlopende aard.

—(Die Transvaler).

# *DOKTORSGRADE*

(Van bladsy 1)

**vir die suksesvolle uitvoering van enige taak of verpligting wat enigeen in die toekoms gevra sal word om na te kom.**

Dr. Lategan het hom ook sterk uitgespreek teen die hoë getal egskeidings in Suid-Afrika en die res van die wêreld. Hy het verbysterende egskeidingsstatistiek van die V.S.A. genoem. Onder andere is daar in een distrik gedurende 1963, 5,905 huwelike voltrek en 5,487 egskeidings toegestaan! By ons in die Republiek eindig een uit elke sewe huwelike op die rotse.

„Wanneer die huwelik eindig, dan verbrokkel die gesin —die hoeksteen van die nasie; die stabiele fondament waarop alles verder gebou moet word, die vastigheid waarop ons hele gemeenskap rus," aldus dr. Lategan.

Dr. Lategan vra dus dat ons onsself moet inspan om die posisie te verbeter, dat ons ons sal beywer om die hele volk bewus te maak van die erns van hierdie probleem; van sy ontwrigtende uitwerking op die hart en siel van die volk.

Ten slotte het dr. Lategan daarop gewys dat 'n mens geestelike weerbaarheid nooit kan koop nie: dit moet geskep word.

# Meesterkonsert

In die Konservatoriumsaal waar nog heelwat plekke oop was, is verlede Woensdagaand geluister na die ghitaarduo Presti-Lagoya. Dit was die tweede in die reeks Meesterkonserte wat deur die Universiteit aangebied word. En dit was 'n meesterkonsert!

Die tegniese vaardigheid, musikaliteit en samespel van hierdie twee Franse kunstenaars was eenvoudig verbluffend. Wat alles op so 'n ghitaar gedoen kan word, was vir baie mense seker 'n openbaring: honderd-en-een moontlikhede word deur hierdie egpaar gedemonstreer op 'n instrument wat vir ons deurgaans maar net 'n ordinêre slaan-maar-raak boeremusiekspeelding bly.

Net jammer dat vir hierdie kombinasie so 'n beperkte repertoire bestaan. Van die werke wat gespeel is, kon slegs enkeles uit kompositoriese oogpunt waardeer word.

Nogtans 'n pragtige aand! Hoekom nie meer studente nie?




**DIE BULT APTEEK**
TOMSTRAAT 88b en 88c
*KOM*
*KYK NA*
*ONS . . .*
*N-U-W-E*
*PERSEEL!*
*ONDERSTEUN OUD-PUKKE*

**Die Bruidshoekie**
Die winkel vir alle
**BRUIDSUITRUSTING**
en haar gevolg volgens
*eie ontwerp en keuse*
Trourokke, Strooimeisie- en Blommemeisierokke
*Kunsruikers, Hooftooisels Sambreeltjies ens.*
FOON 3151
Kerkstr. 106 — Foon 3151
POTCHEFSTROOM

*RUIKERS VIR ALLE GELEENTHEDE*
**BOUQUET**
BLOEMISTE
Johan Dreyer-gebou Tel. 2002
POTCHEFSTROOM

**AJAX**
Boeke en Skryfbehoeftes (Edms.) Bpk.
Telefoon 3458 — Posbus 43
Kerkstr. 159, Potchefstroom

**LA VOGUE**
*Die Besigheid van Kwaliteit*
Tel. 440 — Potchefstroom

**Joubert Fietswinkel & Elektriese Dienste**
*Vir Dameshakkies en kleur van skoene.*
NOU VERSKUIF NA OU POSKANTOOR-GEBOU

*ONDERSTEUN*
*ONS*
*ADVERTEERDERS*

*Die Wapad*

DINSDAG 21 APRIL 1964

# „DIE ROOI GEVAAR"

DIE ROOI GEVAAR is stadig maar seker besig om die grense van ons land binne te dring en om op die Suid-Afrikaners 'n invloed uit te oefen. Dr. Piet Koornhof, wat op 'n onlangse A.S.B. vergadering die hoofspreker was, verklaar ten opsigte van die Volkskongres wat 'n tydjie gelede in Pretoria gehou is: dat Suid-Afrika die enigste land in die wêreld is wat die durf en die moed aan die dag gelê het om so 'n uitgesproke kongres van daardie aard teen liberalisme en kommunisme te reël.

Die individu kan by homself redeneer: die kommunisme is wel gevaarlik, maar ek sal tog geen kommunis word nie. Dit is gevaarlik om so te redeneer. Onbewustelik word baie kwaad veroorsaak deur publikasies en ander gerugte wat deur die land versprei word. Daarom moet die studente ook op alle terreine waak en veg teen die insypeling van kommunisme. 'n Sekere predikant het dit as volg uitgedruk: „Solank Godsdienstige leegheid en geestelike afval hom meester maak van die jeug, sal daar nooit 'n skaarste wees aan rekrute vir die kommunisme nie." Hy verklaar verder dat die godsdienstige verval benouend is en dat juis dit die kommunisme die geleentheid gee waarna hy soek om sy denke en idees oor te plant.

Daar is wel besluit dat daar 'n nasionale raad saamgestel gaan word om die bewegings van die kommunisme of alle terreine te probeer bekamp, maar nou moet die individu nie maar net terugsit en dink dat alles bekamp sal word deur so 'n kragtige organisasie nie. Juis omdat daar op interuniversitêre terrein ook so baie geleentheid is vir beïnvloeding, moet ons as Christene se optrede baie positief wees. Ons kan niks verloor as ons ons geestelike waardes en geloof behou nie. Ons vertrou op God en ons krag lê ook in Hom. Hierin lê ook die krag van ons volk en die Christendom.

# Dirigente Word Gekies

DIRIGENTE moet weereens gekies word. Elke koshuis benoem twee of meer persone wat dan voor die massa optree. Die persone wat die beste vertoning lewer, word gekies as dirigente.

Is hierdie metode doeltreffend? Word elke dirigent nie nou net deur sy voorstellers ondersteun nie, terwyl sy voorstellers weer alles in hulle vermoë sal doen om die ander te laat misluk? Is dit nie moontlik dat die koshuis wat die hardste skree, hulle dirigente die beste en geslaagste kan laat voorkom nie?

Bogenoemde wanpraktyke is wel moontlik, maar om dit te verhoed, is dit noodsaaklik dat elkeen eerlik en onbevooroordeeld na die Sing-songs gaan. Aan elke aspirant moet 'n gelyke kans gegee word.

Dan is daar altyd die stemme vanaf die galery wat die beste moontlike toekomstige dirigent se leiding in die kiem kan smoor. Ook hulle behoort meer kanse te bied aan die persone op die verhoog, afgesien van die bekendheid of gewildheid van sodanige persone.

Dit is baie belangrik dat die regte persone gekies word, aangesien dit van hulle leiding sal afhang of die gees van die massa op die pawiljoen met Intervarsity, of op ander geleenthede waar hulle moet optree, reg sal wees of nie. Die massa is verantwoordelik vir die keuse wat gemaak moet word. Dit is baie duidelik dat die massa saam moet werk. Om egter die voornemende dirigente te toets, is dit nodig om hulle onder druk te plaas, binne perke.

Na die verkiesing van die nuwe dirigente verdien hulle die onverdeelde samewerking van die hele massa. Dit is dan nie meer nodig om hulle onder druk te plaas nie, want deur hulle te kies, stel die massa hulle volle vertroue in die nuwe dirigente.

**REDAKSIE**

**Hoofredakteur: Hennie Viljoen — Tel. X09.**
**Assistenthoofredakteur: Gert de Ru — Tel. X09.**
**Tegnieseredakteur: Danie van Wyk — Tel. X041.**
**Nuusredakteur: Gert Kruger — Tel. X09.**
**Sportredakteurs: Reinie Monster — Tel. X09.**
**Danie van Wyk — Tel. X041.**
**Varia: Paul Steyn — Tel. X041.**
**Adri Griffioen — Tel. X044.**
**Kunsredaktrise: Wilna Kruger — Tel. X044.**
**Interuniversitêr: Hannes van der Walt. — X068.**

# In U Lig

IN ONS moderne wêreld het die betekenis van die naam en naamgewing van iemand al tot 'n groot mate verlore gegaan. Vir die staat het dit tot 'n spesie in sy alfabetiese registers geword—vir die mense 'n vae manier van identifikasie van 'n persoon sonder nadere kennis van daardie persoon.

Dis egter nie orals so nie. Primitiewe volke heg veel meer waarde aan 'n naam. Vir hulle gee dit iemand se wese. As jy 'n persoon se naam ken kan jy mag oor hom uitoefen; besit jy iets wesenliks

**Handelinge 11:26.**

van hom. Mens kan ook 'n totale vreemdeling en uitgestotene in so 'n gemeenskap wees as hulle jou naam nie ken nie, en dikwels word daar 'n naam aan 'n persoon gegee waardeur hy in die gemeenskap opgeneem kan word — 'n naam bekend aan daardie gemeenskap.

In die genoemde Skrifgedeelte is daar ook sprake van 'n naam—dié van Christen. Ook dié gaan veel dieper as net die oppervlakkige etiket wat 'n naam vir baie mense is, want in Bybelse sin sien ons ook dat 'n persoon se naam iets besonders is. So sterk is die naamgebruik dat 'n mens selfs geïdentifiseeer word met sy naam. Ook in straf. Hoe dikwels lees ons nie daarvan dat iemand se naam uitgewis sal word nie: waarmee bedoel word dat die hele persoon sal ondergaan. In naamgewing kom dit ook na vore dat iets van die persoon se wese weergegee wil word deur sy naam. Dink hier maar aan Jakob — Bedrieër; Benjamin—seun van die (sy vader se) regterhand.

Teen hierdie agtergrond moet ook God se Naam besien word. Hy openbaar Sy liefde en geregtigheid deur Sy Naam wat die mens bevoorreg is om te ken in die Skrif. Maar bowe alles het God Sy Liefde in Sy Seun Christus openbaar. Ons ken Sy naam en so ook Hom daardeur nader. Hier hou ons bevoorregting egter nie op nie, maar ons is selfs verkore om Sy Naam in ons name te dra, nl. as Christene. So ontvang ons soos in Bybelse tye vandag as gemeente die naam van die bruidegom. Ons word geken deur Sy Naam, en Hy aan ander geopenbaar deur ons

Ons in hierdie sin is nie alleen individueel bedoel nie, maar dit sluit ook ons as Universiteit in wat die naam Christelik kan dra, asook ons volk wat as Christelik mag bekendstaan. Laat ons dan poog om hierdie naam met waardigheid te dra—nie dat dit ons meer eer verskaf nie, maar dat ons dit dra **diensbaarheid en verantwoordelikheid.** In diensbaarheid omdat omdat ons altyd in nederigheid ons dank deur ons hele lewe heen in al ons handel spel en werk as bevoorregtes moet toon en Hom eer. In verantwoordelikheid omdat ons moet onthou dat in ons as Christene Christus gesien moet word en so ook Sy Liefde, Geregtigheid, Reinheid en Opregtheid . . . veral in **ons studentelewe, ons vergaderings, ons toere, ons koshuise en ons sleepgewoontes.** Want om Christen te wees net in die oppervlakkige opvatting van naam en om die deipere, die weselike te mis, is 'n skandvlek en belediging op die Naam van Christus.

GERHARD SCHUTTE.

# DIE PUKKIE

Namens die Pukkie redaksie wil ons net ons hartlike dank uitspreek teenoor die massa wat deur hulle gesonde belangstelling en groot geesdrif, die werk en program van die redaksie tot groot hoogtes gevoer het. Van die oplaag van 25,000 wat gedruk is, is ongeveer 23,000 uitgegee, en daarvan is alreeds 17,000 verkoop. Dit is voorwaar 'n riem onder die hart.

Ongelukkig kan ons op die oomblik nie volledige syfers verstrek m.b.t. die winste nie, maar ons kan net meld dat die wins op die oomblik om en by die R1,000 beloop.

Ons innige dank aan die Studenteraad vir hulle hulp en bystand gedurende ons aksieweldtog. Ons wil ook mnr. Leon Kusner bedank vir die opstel van die blad en die lees van die proewe, en alhoewel mnr. Kusner nie op die voorgrond was nie kan ons u verseker dat hy reuse werk verrig het agter die skerms.

Van die kant van die Pukkie Redaksie, nogmaals baie dankie, hou so aan.

DOK BRIERS.

Geagte meneer,

Na aanleiding van 'n berig in Die Wapad van 23 Maart serenade", wil ek graag 'n paar feite aan die lig bring en daardeur enige misverstande probeer opklaar.

In die eerste plek was dit aan mnr. Joshua Welding en 'n vriend van hom bekend dat die eerstejaars van Klawerhof daardie aand 'n partytjie in die vierkant sou gee vir die oudames.

Gevolglik het ons afgespreek dat hulle heel laaste by ons sou kom „serenade". Daardie aand terwyl die partytjie in swang was, het die mans opgedaag en het ek toe self met mnr. Welding gepraat en gevra of hulle nie dalk laaste na ons kon kom nie, maar het tog anders besluit aangesien ons nie die mans wou wegstuur nie.

Die partytjie is beëindig en ek het die mans self binnegelaat. Ek hoop ek is nie verkeerd as ek beweer dat die dames daarna die betrokke persone besonder goed ontvang het nie.

Van die water wat op mnr. Welding gegooi is, dra ek ongelukkig geen kennis nie en dit spyt my werklik dat dit gebeur het.

Ek hoop werklik dat alle wanindrukke hierdeur uit die weg geruim is.

Met agting die uwe,

Mej. K. JORDAAN.

Prof. Grand hou die volgende Engels-praktiese klasse:
Best of Enemies—4-5, Mei.
Gunsmoke—6 Mei.
Love is a ball—8-9 Mei.
Two for the see-saw—11-12 Mei.
Lonely are the brave 13-14 Mei.
Man from the dinners club —15-16 Mei.

# GEKUS EN GEKEUR

**GEEN opspraakwekkende openbarings kan die keer gedoen word nie, lesers. Mnr. Doubell het geabdikeer as Wapad Redakteur—hy kry te min tyd om te sleep. Mnr. Hennie Viljoen neem sy plek in en sal sy slepe nou moet beperk tot 11 of 12 per week.**

Dan verneem ons dat „Oosterhof" uit die mode geraak het en toe maar 'n Modeparade aangebied het. Ons Huis verkoop meubels en bied Meesterkonserte aan om meubels te koop. Julle is so oorspronklik soos die bobbejaan wat gesê het: „Dit daar gelaat," nadat die trein sy stert afgetrap het.

So van bobbejane gepraat. Jan du Plessis en Danie van Wyk het nie nodig gehad om Ikeys se koerante te lees om eerstejaardames in die hande te kry nie. Hierdie twee here het besluit om vir Marie-Louise Combrinck en Elma Venter, respektiewelik, met die hand groot te maak. Na 'n onderhoud het hulle verklaar: „Nee wat, die goedjies is groot genoeg".

Johan Breedt het toe alle katte goed uit die boom gekyk, afgeklim en net sy kop geskud. Hy het toe maar ewe besadig vir Emmerentia Kruger begin sleep, en die logiese gevolg was 'n kys.

En dan is daar die geval Schutte-Pelser. Ja mense, Gerhard Schutte van Orie-Voor het al sy beskeidenhede afgewerp en Lydia Pelser het die eer te beurt geval om hom geselskap te hou.

* * *

Danie Smit en Louise Tiedt het bewys dat 'n vakansie 'n kettingreaksie kan meebring. In die begin van die afgelope vakansie het hulle besluit om gesamentlik pogings aan te wend om hulle skaakspel te verbeter. Dit, op sy beurt het gelei tot die verbetering van die persoonlike betrekkinge tussen die twee. Die gevolg hiervan was 'n skielike kys. Wat die prof. van Danie se skaakspel dink is tot dusver nog onbekend. Dit het jou in elk geval nie lank geneem om haar skaakmat te stel nie, Danie.

Dit wil voorkom asof die Puk-mans nie by die Pote-here kan kers vashou wat dit die sleperasies aanbetref nie. Johan van der Linde, 'n tweedejaar Poot, het die ou bane met Santie de Bruyn verstewig en haar so onder die neuse van die Puk-ouhere weggeraap.

* * *

Attie van der Walt se petrolrekening het aansienlik gestyg vandat hy Kulu so gereeld besoek. Dit geskied ter wille van die bewerking van 'n goeie onderlinge gees tussen hom en Leen Dreyer. Die gesleep word met arendsoë vanuit Kulu en omliggende herberge dopgehou. Ons wag nog vir die kys.

Selfs 'n apteker op 'n platvormpie gestel, kan bereik word. En in die alternatief gestel: 'n moedswillige aster kan ook gevang word. Tilla Kühn het vir Le Roux Steyn van die platvorm geruk en met die afkomslag het hy haar voete skoon onder haar uit geslaan. Maar. die lekkerste van alles was nog die herstelslag waarvoor 'n kys die enigste medisyne was.

* * *

Aan almal van julle, maak seker van mekaar, mense, want dis 'n koue winter wat voorlê. En onthou, 'n dame of 'n vroumens se grootste besit is nie haar vooruitstrewendheid, ingetoeënheid of haar agterbaksheid nie—nee, dit is die man se verbeelding.

## ONS HUIS EEN JAAR OUD

Een van die oudste koshuise van die Puk het hierdie jaar amptelik een jaar oud geword, altans volgens die nuwe bedeling. Ons Huis — beter bekend onder 'n ander naam — jarelange vesting van manstudente aan die Universiteit, het verlede jaar in die hande van die vroulike geslag oorgegaan.

Die mure van dié geskiedkundige ou woning het gedurende die tydperk wat verby is, getoon dat dit op 'n stewige en rotsvaste fondament gebou is, want al die aanslae van poeierkwarste lipstiffies en wat dies meer sy kon nie die mure laat kraak nie.

Om die besonderse gebeurtenis te vier het die dames van die koshuis reeds 'n dinee gereël as inleiding tot die feesviering.

Op Saterdagaand, 25ste April word die kroon op die aktiwiteite gespan wanneer daar in die Totius-saal 'n musiekkonsert aangebied word waaraan besoekende kunstenaars van formaat sal optree.

Die dames van Ons Huis nooi dan hiermee elke leser van die Wapad hartlik uit om hierdie konsert by te woon, en sodoende deel te hê aan hulle feesviering.

## Uitgebreide uitog word onderneem

'n Uittog is op uitgebreide skaal deur Dawie du Plessis Huis-Noord onderneem op Saterdagaand, 18 April. Dit het plaasgevind in die rigting van Kulu. Vandaar het die groep, wat uit ongeveer 50 slepende lede bestaan het, hulle skrede na die „Grand" gewend.

Hierdie onderneming was uniek in soverre dit die opset daarvan betref: alle dames wat reeds elders vas sleep, of om die een of ander rede nie op die Puk sleep nie, het daardeur die geleentheid om mans te vergesel wat ook om verskeie redes nie sleep nie. Die doel is eintlik om nouer kontak tussen die mans en dames te bewerkstellig op hierdie doodnatuurlike wyse.

Die busdiens het hulle deel bygedra tot die onderneming daarin dat hulle 'n spesiale bus tot die beskikking van die groep gestel het. Die feit dat die fliek „Lawrence of Arabia" verlede week in Potchefstroom gedraai het, het die ideale geleentheid vir die uitvoering van hierdie idee gebied. Noord stel verder in die vooruitsig om met 'n volgende geleentheid hierdie grootskaalse slepery te herhaal — maar dan met 'n ander dameskoshuis.

**● Dit is vir Noord baie aangenaam om vir die dames van Kulu vir hulle samewerking in die verband deur middel van die „Wapad" te sê: „Baie dankie vir 'n genoeglike aand—mag daar vele meer wees!" (Dankie Red.).**

## Ons Hoor . . .

§ 'n Vreugdedag - vriendskap wat vreugdevol aanhou groei en bloei, is die van Leon de Bruyn en Jerrica van Aswegen.

* * *

§ An Van Wyk de Vries en Schutte Venter begin mekaar ook al mooi leer ken.

* * *

§ En Isabel le Roux is vinnig besig om 'n beste maatjie te maak—gelukkige Kobus Maré.

## Pote-Mans Hou Serenade

'n Paar mans van Pote het die dameskoshuise vergas op 'n baie mooi serenade op Sondagnag, 12 April. Dit word besonder gewaardeer deur die dames en hierdie serenade is net so hartlik ontvang as die voriges.

Daar word baie gegis oor die oorsaak van hierdie voorkeur van die betrokke mans en die heelwaarskynlikste oorsaak kan miskien wees dat daardie mans sleep op die Puk, bv. Marina Venter wat op Pote gekys is| Die oorsaak is egter nie belangrik nie en die dames geniet die serenade sonder vooroordeel.

# P. W. VORSTER SKRYF

Net so een en ander oor ons toer wat werklik 'n unieke toer was in sekere opsigte. Eerstens glo ek dat dit die eerste toerende liggaam is wat in 'n tydperk van twee weke (11 vertonings) 'n wins van R500 kon toon. Tweedens was die toergees en die samewerking op alle gebiede ideaal. Op verskeie plekke het persone melding gemaak van dié aspek. Selfs oud-Pukke kon nie genoeg praat van die toergroep, wat as ware ambassadeur van hul Alma Mater, die P.U. vir C.H.O. op so 'n manier bekendstel nie.

Maar dit alles kan weer toegeskryf word aan die opvoedkundige waarde van gimnastiek en die ou waarheid:

„'n Gesonde liggaam herberg 'n gesonde gees."

Op elke plek is ons groep met gasvryheid en verversings oorlaai. Dit is egter nodig om veral die ouers van Elsie van der Merwe, Salie Lubbe en Rosali de Klerk te noem.

Soos op elke toer was daar dan ook insidente wat altyd onthou sal word. Wie sal nou vergeet hoe „siek" ou Jorrie was na die blindedermaanval, en die keer toe Dr. Riem deur sy gasheer se venster moes klim en die konstabel hom net wou gaan toesluit. Die beste van alles was egter die episode van die Vrystaatse baber wat uit die rivier geklim het en homself in een van die mooi dames se tasse tuisgemaak het.

Grappies was volop en almal het deurgeloop. Wat die dames egter seker die meeste geniet het, was die pak slae wat hulle van tyd tot tyd ontvang het —net om te toon dat ons hulle nog raaksien.

Ons kan ook nie nalaat om ou Tjaart te bedank vir die Koortjies wat hy gekomponeer het nie. Op tye wanneer ons totaal uitgeput was, het dit ons weer die moegheid laat vergeet en ons kon voortgaan met die vertonings.

Ten slotte wil ek graag namens die bestuur my dank uitspreek teenoor ons reisvader en reismoeder, mnr. W. J. Putter en mej. Sarie Fourie onderskeidelik, vir hul aandeel om die toer 'n sukses te maak. Die sukses van die toer kan grootliks toegeskryf word aan die samewerking van die toerlede onderling, asook die reisouers.

Laastens moet ons ook mnr. Paul Buys bedank vir sy aandeel in die organisasie van die toer.

Baie dankie,

P. W. VORSTER.

## Klawerhof en Uitspan Serenade

Klawerhof en Uitspan het daarvoor gesorg dat die graduandi met 'n lied in die hart die gradedag tegemoet kon gaan, deur hulle uiters genotvolle serenade op Vrydagnag, 10 April.

Dit wil voorkom asof daar heelwat talent in die rigting in Klawerhof vanjaar is en hiermee word bedoel sowel sangtalent as organisasietalent. Die serenade was goed afgerond en die keuse van liedjies was oorspronklik.

Dit was 'n nag vir serenade, want Uitspan het ook inisiatief geneem, ook blykbaar as gevolg van die komende gradedag en het ook dieselfde nag kom sing. Hierdie serenade hoef geensins terug te staan vir die van die dames nie en hulle kan ook bedank en gelukgewens word met 'n baie aangename serenade.

Dit wil nou voorkom asof die dameskoshuise afspraakboekies sal moet aanskaf vir serenades. Kulu is byvoorbeeld bespreek vir sekere ure daardie nag.

## Oosterhof In Die Ooste!

Die „Op't Hoek" dames was Donderdagaand, 16 April, baie woelig by die Studentesaal.

Die saal self, en sy onmiddellike omgewing het eg Chinees en treffend voorgekom —die resultaat van die Oosterhofters se harde, maar gewillige arbeid, en die deskundige hand van 'n Conrad, wat die saal laat leef het in motiewe vars uit China.

Die besoekers wat hulleself kon versterk met heerlike kerrievleis en ander smaaklikhede, is welkom geheet deur die koshuis hoofdame, mej. A. Venter.

Die hoofdis van die aand was 'n modeparade. Die mannekyne van Klerksdorp, veral Mietjie, Jean en Rina, het die toeskouers vergas op die nuutste modes in winter-, skemeren sportdrag, en met die maksimum vroulike grasie die aand genoegliker en die mooi klere aantrekliker gemaak. Die klere is voorsien deur Fochini.

Die onderneming is goed ondersteun, en met sukses bekroon, sodat die verrigtinge op 'n hoë noot afgesluit kon word met die oorhandiging van 'n geskenkie aan mej. Kotie du Plessis, onder wie se ywerige leiding die organisasie gestaan het. Daarna is aan Fochini dankie gesê met tee en verversings.

Oosterhof verdien om van harte gelukgewens te word met hulle ondernemingsgees. Hulle het alle onkoste self gedra en sover moontlik alles self gedoen. Mag hulle spoedig die nodige fondse bymekaar hê om die beoogde klavier aan te koop!

*„LIEWE INGRAM, EK VERLANG . . ."*
*„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN . . ."*

*Besoek*

**INGRAM SE DRANKWINKEL**

Allerlei
● WYNSOORTE, BIER EN STERKDRANK
● DRUIWESAP, SIDER, LEMOENSAP, TAMATIESAP
in bottels en blikkies

*ONS VERKOOP ALLE SOORTE KOELDRANKE*

Tel. Nrs. **12 en 2582**

Kerkstraat 122 Posbus 171



*Dit is die snit wat tel . . .*
★ Alba Broeke
★ Mentone Pakke
★ Monatic Hemde
★ Battersby Hoede
★ Gregory Sokkies

**J. Tod Suttie**

*Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars*

POTCHEFSTROOM

Posbus 219 — Tel. 1

# Pukke In Wes-Tvl.-Spanne

Die P.U.-rugbykaptein, Jona Viljoen, is die eerste Puk wat vanjaar gekies is om vir Wes-Transvaal diens te doen. Hy



JONA VILJOEN

het verlede Saterdag saam met Dick Putter in die voorry teen Oost-Transvaal op Olënpark gedruk.

Dit is 'n besondere prestasie, veral gesien in die lig van die feit dat Jona verlede seisoen nog 'n O/20-speler was.

**ONDER-TWINTIGS**

Verskeie ander Pukke was ook Saterdag op Olënpark in aksie. Koos du Plessis het vir die Wes-Transvaalse B-span as flank diens gedoen, terwyl Dries du Plooy (losskakel),



DRIES DU PLOOY

Wesley Weeks (senter), Danie van Wyk (vleuel) en Leon de Bruin (flank) vir die O/20-span gespeel het.



LEON DE BRUIN

# OOSTERHOF

Hendrien van der Walt en Danie van der Walt het besluit dat alle van der Walts nie familie is nie en het toe 'n chemiese reaksie laat plaasvind wat geblyk het positief te wees.

Verder bly die eerstejaars nog die groot trekpleister in Oosterhof.

Dienie Dul en Pieter van Walt.

Ester Hoffman en Gideon Prinsloo.

Susan Timmerman en Schutte Venter.

Marijke Rautenbach en Gawie Yssel.

Femke Rumph hou van afwisseling, veral as dit van die regsfakulteit afkomstig is — die gevolg is dat Okkie van der Schyff en Piet Henning 'n verbete stryd voer om eiendomsreg te bekom.

# EERSTE MANSHOKKIE VERTOON STEWIG

In hulle eerste wedstryd van die seisoen het die eerste manshokkiespan met twee doele elk teen die sterk span van Strathvaal gelykop gespeel.

Dit was 'n harde wedstryd, en ofskoon die Pukke nog nie fiks is nie, het 'n hele klompie spelers met goeie stokwerk vorendag gekom. Roger Stotesbury en Piet Kempff het die twee doele aangeteken vir die Pukke. Frik de Beer, Gert Krüger, Bossie Snyman en Piet Kempff was die uitblinkers in die Eerste span se geledere.

Daar heers 'n aangename gees onder die spelers en daar heers 'n entoesiastiese gees vir die komende Hokkietoernooi wat gedurende Julie maand in Pretoria plaasvind.

In hul tweede wedstryd Saterdag teen Lichtenburg het albei die Puk spanne daarin geslaag om hul teenstanders met die kous oor die kop huis toe te stuur. Lichtenburg het die eerste span vir die grootste deel van die wedstryd goed vasgevat en dit was slegs nadat die spelers gewoond geraak het aan die grasveld dat die Pukke in die laaste 15 minute van die wedstryd die oorhand gekry het oor hul teenstanders. Die enigste doel van die wedstryd is kort voor die einde deur Peet Aucamp aangeteken nadat 'n mooi beweging op tou gesit is. Ofskoon Niek Laubscher nog niks van sy vaardigheid verloor het nie en die Pukke baie hoofbrekens besorg het, was die eindtelling 1—0 in die Pukke se guns.

Nadat die tweede span verlede week met 3—1 teen Strathvaal verloor het, het hulle ook Saterdag daarin geslaag om die Lichtenburgers die loef af te steek. Die eindtelling was 3—1 en daarvan het Piet Mulder, „Kid" Krüger en George Simpson elk 'n doel aangeteken. Jan-At Kruger en Willie Enslin het albei ook puik spel gelewer in 'n wedstryd wat veral gekenmerk is deur mooi bewegings.

**SOKKER**

Die eerst twee liga-wedstryde is Vrydag 17 April afgehandel tussen Dawie Dup (S)-Over de voor 2—1 en Uitspan-Dawie-Dup (N) 6—1. Dawie Dup (S) en Over de Voor wat albei met sterk spanne spog, het 'n harde wedstryd uitgespook. Over de Voor het die leiding geneem met 1—0 en Dawie Dup (S) gehou tot omtrent 'n kwartier voor die einde, toe Dawie Dup (S) twee mooi doele aangeteken het.

Uitspan het Dawie Dup (N) kaf gedraf in die tweede helfte, nadat hulle aan mekaar se spel gewoond was. Die spelers het almal die wedstryde geniet en dit lyk as of die trofeë, geskenk deur Prof. Sorgdrager, 'n gesogte eer tussen die koshuise gaan wees.

PAN COETZEE

Mans- en Sport-Uitrusters

TEL. 899
POTCHEFSTROOM

★

P.U.-KLEURE
MANS- EN -SPORT-UITRUSTERS

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

Boeke vir Studie en vir Ontspanning

PRO REGE-PERS BPK.

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"

Kerkstraat 91-95 Telefoon 1164 & 497

H/v. Tom en Borcherdstraat Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM

# Dramatic Society

Die stigting van die Letterkundige Vereniging het die goeie gevolg gehad dat 'n volgende liggaam, naamlik die „Dramatic Society", deur hulle inisiatief gestig is.

Die vereniging word behartig deur mej. Ross lektrise in die Engelse departement, en mnr. A. K. Roodt. Later sal 'n bestuur saamgestel word en ook waarskynlik 'n reglement opgestel word.

Vyf programvergaderings in 'n jaar word beoog waarvan die eerste op 9 April gehou sal word. By die geleentheid sal mej. Ross, mej. Kristie Jordaan en mnr. A. Roodt optree met voordragte uit die werke van Shakespeare.

Die vereniging het ook die lofwaardige voorneme om hulle daarvoor te beywer om die TRUK-uitvoering van „Hamlet" na Potchefstroom te laat kom.

Die vereniging sal waarskynlik 'n oop-vereniging wees en sal hulle nie altyd beperk tot die Engelse veld nie maar ook ander praktiese voorstelle oorweeg soos miskien byvoorbeeld staptoere of bergklim.



FRANCOIS ROOS IN AKSIE OP DALRYMPLE

**BRAVO!** aan die twaalf leeutemmers wat die Puk op Saterdag 4 April 1964 sy eerste Dalrymple-oorwinning in die geskiedenis laat smaak het! Die bestal dames was met 'n kortkop tweede na Rhodes.

# MANSKOSHUIS IS GESKEI

Die skeiding van die Dawie-Dup-manskoshuis in twee afsonderlike koshuise nl. Dawie-Dup-noord en Dawie Dup-suid, was 'n kwessie waaroor al baie lank bespiegel is. Hierdie afskeiding het in wese werklikheid geword met die laaste koshuisvergadering wat gehou is op Maandag, 11 Maart.

Voor hierdie amptelike afskeiding tussen Suid en Noord was daar eintlik altyd maar 'n nie-amptelike afskeiding tussen die twee dele. Onderlinge wrywing tussen die twee dele van die koshuis was aan die orde van die dag en hierdie kwessie moes dringende aandag geniet. Na vele beraadslagings en opnames wat in die koshuis geneem is, het dit duidelik gebyk dat 'n afskeiding van die twee koshuis-dele al oplossing sou wees.

Die huisvader, prof. C. P. van der Walt, was ook op die vergadering teenwoordig. Mnr. Hannes van der Walt, die „oudste" van die koshuis, het die beweegredes vir hierdie belangrike stap, duidelik gemotiveer:

(1) Hoewel die afskeiding nie-amptelik in swang was, het daar 'n onaangename gees tussen die twee koshuisgroepe geheers.

(2) Die feit dat Suid en Noord elkeen hulle eie sitkamer het ondermyn ook die eenheidsgees van die koshuis.

(3) Gedurende ontgroening reël Suid en Noord afsonderlik hulle eie ontgroeningsaksies.

Dawie Doep-suid en -noord sal elkeen nou hulle eie afsonderlike huiskomitees kies. Slegs twee gesamentlike vergaderings sal gedurende die jaar gehou word. Aan die einde van die jaar sal egter 'n gesamentlike dinee gehou word.

Die koshuis Dawie du Plessis sal nou bekend staan as die Dawie du Plessis-kompleks.

# Bedrywige Duitse Vereeniging

Lede van die Duitse Vereniging het 'n informele byeenkoms gehou op Maandagaand, 13 April, en die aand gesellig deurgebring met die sing van Duitse Volksliedjies onder leiding van mnr. Jürgen Goebel.

Die Duitse Vereniging bestaan uit twee kore en 'n toneel-organisasie. Die tweede koor word afgerig deur mnr. Künkel, terwyl die toneelstuk afgerig word deur prof. Brand.

Dit is waarskynlik dat hierdie vereniging 'n koor sal kan inskryf vir die A.S.B.-Kunsfees in Julie.

# Letterkunde-Vereniging

Professor Grobler het Maandagaand, 23 Maart, voor die Letterkunde Vereniging opgetree met 'n lesing oor die Ilias van Homeros.

Hy het aan die vergadering die groot omvattendheid van die Ilias duidelik gemaak. Dit het ontstaan min of meer die agste eeu voor Christus en volgens die tradisie dit wil, is dit 'n blinde digter wat die glorieryk van die Grieke besing oor die tydperk toe mense met goud- en silwerware gewerk het.

Die beskrywings van die landskap, eetware en eetgerei, juweliersware en ander detail is egter so noukeurig uitgewerk en raakgesien dat dr. Grobler dit beslis betwyfel dat dit 'n blinde digter kon gewees het.

Die standpunt wat die geleerdes hieroor inneem, is dat die Ilias gegroei het uit 'n tradisie, sodat dit nie die werk van een digter kon gewees het nie.

**Alle fotos, behalwe as anders vermeld is goedgunstig gelewer deur „Fotokuns".**

# P.U. WEN DALRYMPLE NA 40 JAAR

## Beker Na Wes-Transvaal

**GESKIEDENIS is gemaak op Saterdag 4 April toe die Puk daarin geslaag het om op die Pilditch-stadion in Pretoria die Suid-Afrikaanse Universiteite-Atletiekkampioenskappe te wen—die eerste keer sedert die Puk in 1924 aan die Dalrymple begin deelneem het. Die puntestand om die Dalrymple-beker vir mans was aan die einde van die dag as volg: Potchefstroom 58; Pretoria 52; Witwatersrand 27 en Vrystaat 16.**

Ook die P.U.-damesatlete het besonder goed gevaar om tweede na Rhodes te eindig om die Roger Dyason-trofee. Hier was die puntestand: Rhodes 38; Potchefstroom 32; Pretoria 26 en Vrystaat 6.

### STANDAARD HOOG

Vier Universiteitsrekords het in die slag gebly op die byeenkoms waarvan die standaard onder die mans veral besonder hoog was. Die atlete wat vir rekordpogings verantwoordelik was, is Danie Burger van Wits in die paalspring (14 vt. 6 dm.), Johan Swart van die Pukke in die 220 treë-hekkies (23.8 sek.), Tommy van der Merwe van die Kovsies in die spiesgooi (218 vt. 3 dm.) en Tienie Martin van Tukkies in die verspring (23 vt. 11½ dm).

Van die Pukke het Johan Swart, die oud-Kovsie, vir die beste vertoning gesorg met sy rekordpoging in die 220 treë-hekkies en die uitstekende wentyd van 52.9 sek. in die 440 treë-hekkies. In beide hierdie nommers was Pietman Botha tweede. Die Pukkaptein het ook die derde plek ingeneem in die 100 treë, wat deur oud-konstabel Ben Klopper gewen is in 9.7 sek.

### WILLIE COETZEE

Na 'n baie ongelukkige seisoen waarin hy feitlik deurgaans deur beserings geteister is, het Willie Coetzee, wat verlede seisoen dikwels die belowendste jong atleet van die Puk genoem is, eindelik sy beste vorm herwin. In die 120 treë-hekkies het hy 'n pragoorwinning van 14.6 sek. oor Springbok Danie Burger en Dave Langley van Tukkies behaal.

Ettienne van Loggerenberg en Nico du Plessis het die drie-sprong en hoogspring onderskeidelik in 45 vt. 10½ dm. en 6 vt. 4 dm. gewen, terwyl eersgenoemde ook 'n tweede plek in die verspring verower het. Ander atlete wat vermelding verdien, is F. Roos, wie se 14 vt. 3 dm. in die paalspring ook die ou rekord oortref het, en Baas Buys wat mooi gehardloop het om tweede te eindig in die 880 treë.

### DAMES

Onder die dames was dit veral Elna Bos met 12.5 sek. in die 80 meter-hekkies en Marie van Aswegen met 38 vt. 3½ dm. in die gewigstoot wat die oog gevang het. Laasgenoemde het ook plekke gekry in die verspring en 100 treë, terwyl L. Human, Elrien van Deemter en Gerda Bester vir die ander punte verantwoordelik was.

Swak oorgee was daarvoor verantwoordelik dat die Pukke in albei aflosse met 'n tweede plek tevrede moes wees, na Tukkies (mans) en Rhodes (dames).

Oor die algemeen het die Puk 'n baie goeie indruk met die byeenkoms gemaak, op sowel as af van die baan af. 'n Verbasende groot aantal ondersteuners het opgedaag om die nodige van die pawiljoen af te doen.

Met reg het mnr. L. Suzman, lewenslange ere-president van die Suid-Afrikaanse Universiteite Atletiekfederasie met die oorhandiging van die beker aan die kaptein, Pietman Botha, gesê dat al die ander spanne die Potchefstroomse span as voorbeeld kan neem van kragdadige ywer en deursettingsvermoë.

### UITSLAE

100 tree.—B. Klopper (P.U.) 1; W. Cilliers (U.P.) 2; P. Botha (P.U.) 3. Tyd 9.7 sek.

220 tree—S. Serfontein (U.P.) 1; W. Cilliers (U.P.) 2; P. Schultz (W) 3; tyd 21.7 sek.

440 tree.—H. Roberts (N) 1; S. Serfontein (U.P.) 2; P. Schultz (W) 3; tyd 47.9 sek.

880 tree.—R. Muller (K) 1; J. Buys (P.U.) 2; W. Knght (W) 3; tyd 1 min. 55 sek.

Een myl—P. Whewell (W) 1; D. Collins (W) 2; P. Holcorst (N) 3; tyd 4 min. 15 sek.

Drie myl—G. Nardini (W) 1; tyd 14 min. 34.8 sek.

120 tree hekkies — W. Coetzee (P.U.) 1; D. Burger (W) 2; D. Langley (U.P.) 3; tyd 14.6 sek.

220 tree hekkies—J. Swart (P.U.) 1; P. Botha (P.U.) 2; D. Langley (U.P.) 3; tyd 23.8 sek.

440 tree hekkies — J. Swart (P.U.) 1; P. Botha (P.U.) 2; L. Smit (O.V.S.) 3; tyd 52.9 sek.

Hoogspring—N. du Plessis (P.U.) 1! M. Franklin (N) 2; P. Fordyce (W) 3; Hoogte 6 voet 4 dm.

Paalspring—D. Burger (W) 1; F. Roos (P.U.) 2; B. Andrews (R) 3. Hoogte 14 vt. 6 dm.

Verspring—T. Martin (U.P.) 1; E. van Loggerenberg (P.U.) 2; H. Pretorius (O.V.S.) 3; Afstand: 23vt. 11½ dm.

Driesprong—E. van Loggerenberg (P.U.) 1; J. Blignaut (U.P.) 2; M. Franklin (N) 3. Afstand: 45 vt. 10½ dm.

Gewigstoot—F. Botha (U.P.) 1; P. Joubert (U.P.) 2; D. Wissing (P.U.) 3. Afstand 47 vt. 10¾ dm.

Werpskyf — P. Joubert (U.P.) 1; J. de Kock (U.P.) 2; D. Wissing (P.U.) 3. Afstand 128 vt. 4 dm.

Spiesgooi — T. van der Merwe (O.V.S.) 1; D. Boltman (U.P.) 2; P. Jooste (O.V.S.) 3. Afstand 218 vt. 3 dm.

4 x 110 treë aflos: U.P. 1; P.U. 2; O.V.S. 3. Tyd 42.5 sek.

### DAMES

100 tree—T. van Rensburg (U.P.) 1; P. Cumming (R) 2; W. Smit (R) 3; Tyd: 11.2 sek.

220 tree—T. van Rensburg (U.P.) 1; P. Cumming (R) 2; W. Smit (R) 3. Tyd 25..5 sek.

Hoogspring — S. de Wet (R) 1; P. Cumming (R) 2; I. Luyt (U.P.) 3. Hoogte 4 vt. 10 dm.

Verspring—W. Smit (R) 1; M. van Aswegen (P.U.) 2; L. Human (P.U.) 3. Afstand: 17 vt. 6¾ dm.

Gewigstoot — M. van Aswegen (P.U.) 2; L. Human (P.U.) 3. Afstand 17 vt. 6¾.

Gewigstoot — M. van Aswegen (P.U.) 1; L. Human (P.U.) 2; M. Steyn (U.P.) 3; Afstand 38 vt. 3½ dm.

Werpskyf—S. de Wet (R) 1; L. Human (P.U.) 2; M. Steyn (U.P.) 3. Afstand: 127 vt. 5½ dm.


Spiesgooi — P. Cumming (R) 1; G. Bester (P.U.) 2; A. Stander (O.V.S.) 3. Afstand: 111 vt. 6 dm.

4 x 110 aflos—Rhodes 1; Potchefstroom 2; U.P. 3. Tyd: Tyd: 50.7 sek.

Die Dalrymple - span was soos volg saamgestel:

Mans: P. Botha (Kaptein), F. Roos, B. Klopper, J. Swart, N. du Plessis, W. Coetzee, B. Buys, E. van Loggerenberg, D. Wissing, P. Mulder, W. le Roux, H. Joubert.

Dames: M. van Deemter (Kapteine), E. Bos, G. Bester, E. Jooste, L. Human.



Willie Coetzee in 3 myl.

*PROGRAM TOT IN 1971*

# ROOSTER OPGESTEL VIR STUDENTESPORT

**'N VASGESTELDE rooster tot in 1971 vir jaarlikse tussen-universitêre sportbyeenkomste in die Republiek is pas deur die adviserende sportkomitee van die universiteitshoofde opgestel. Die rooster wat agttien sportsoorte insluit, is vroeër vanjaar deur die genoemde komitee bekragtig.**

Dit is nogal opvallend dat rugby, die Republiek se nasionale sportsoort, nie deel van die lang lys sportsoorte uitmaak nie.

Prof. Dawid Smith, van die Potchefstroomse Universiteit, het gesê dat daar voortaan volgens die rooster gewerk sal word, maar universiteit wat moeilikheid ondervind om bepaalde sportsoorte aan te bied sal die reg hê om by die Adviserende Sportkomitee aan te klop om uitruiling met 'n ander universiteit. So byvoorbeeld kan Kaapstad vanjaar muurbal aanbied indien hulle ooreen kan kom met Potchefstroom om gholf in die plek daarvan aan te bied.

Die sporte is in vyf groepe verdeel en elke groep sal elk jaar in dieselfde stad of dorp gehou word.

### PROGRAM

Krieket, swem, bofbal, atletiek en tennis is almal in een groep.

Die program vir die sportsoorte is: 1965: Rhodes; 1966: Wits; 1967: Kaapstad; 1968: U.O.V.S.; 1969; Potchef stroom; 1970: Pretoria en 1971 Natal.

Die ander bepalings is:

**Hokkie, Skerm en Gewigoptel:** 1964 in Pretoria, 1965 in Natal, 1966 in Stellenbosch, 1967 in Rhodes, 1958 in Wits, 1969 in Kaapstad, 1970 in Kaapstad, 1970 in U.O.V.S., 1971 in Potchefstroom.

**Judo, Tafeltennis en Sokker:** 1964 Wits., 1965 Kaapstad, 1966 in Bloemfontein, 1967 Potchefstroom, 1968 Pretoria, 1969 Natal, 1970 Stellenbosch en 1971 Rhodes.

**Gimnastiek, Pluimbal en Muurbal:** 1964 Potchefstroom, 1965 Pretoria, 1966 Natal, 1967 Stellenbosch, 1968 Rhodes 1969 Wits., 1970 Kaapstad en 1971 U.O.V.S.

**Gholf, Landloop Boks en Stoei:** 1964 Kaapstad, 1965 U.O.V.S., 1966 Potchefstroom, 1967 Pretoria, 1968 Natal, 1969 Stellenbosch, 1970 Rhodes en 1971 Wits.

## Trevor George Vaar Goed

Die jong naelloper van die Puk, Trevor George, het sy reeks goeie vertoning hierdie seisoen op 'n hoë noot afgesluit toe hy op die pas afgelope S.A. Junior-Atletiekkampioenskappe die 220 treë vir seuns O/19 in die uitstekende tyd van 21.7 sek. gewen het.

# Pluimbalklub Ingeskakel

**TEN SPYTE van al die teenslae wat die Pluimbalklub moes verduur, het dit binne 'n kort tydperk gegroei tot een van die sterkste klubs van die Universiteit. Die ledetal staan bykans op 70.**

Onlangs het hulle berig ontvang dat die klub ingeskakel is by die Sentrale Sportbestuur en dat hulle dus nou volle status geniet as 'n P.U. Sportklub. Dit is op sigself 'n groot stap vorentoe, aangesien die klub alreeds die afgelope drie jaar spook om erken te word. Ook onder die personeel is daar groot belangstelling en die klub spog met 'n sterk speler naamlik dr. J. van Wyk.

Daar is hierdie jaar baanbrekerswerk gedoen, veral met beginners. Dit blyk ook dat daar sommer heelwat talent is. Dit is 'n baie verblydende teken, aangesien hulle deur die S.A.U. genader is om 'n inter-universitêre toernooi in Julie te reël en wel op Potchefstroom.

In beginsel is hierdie toernooi deur die plaaslike bestuur goedgekeur. Daar word verwag dat hierdie toernooi 'n groot sukses sal wees en dat die P.U. spanne eervol uit die stryd sal tree.

In hierdie verband moet die volgende name vermelde word: Johan de Wet, is reeds 'n baie ervare speler en het lank vir Hoffepark, Kimberley, gespeel. Veral in die enkelspelle moet hy goed dopgehou word. In 1962 het hy ook deurgedring tot die kwarteindronde in die Wes-Transvaal B proewe—voorwaar iets om in gedagte te hou! Dan is daar dr. Van Wyk. Hy was 'n stigterslid voordat hy na die Verenigde State van Amerika vertrek het. Dit blyk dat sy belangstelling tydens sy afwesigheid steeds toegeneem het en hy is dan ook een van die steunpilare van die klub. Ook die Kaptein en voorsitter, Paul Kruger, toon groot belofte en met 'n bietjie meer ervaring behoort hy die Universiteit se naam uit te dra tot in die Wes-Transvaalse span.

Ook onder die dames is daar name wat nog dikwels die aandag sal trek; Emmarentia Buys, die kapteine, wat op die oomblik weens 'n knie-operasie, nie kan speel nie. Tilla Kühn, Ali Abbink en Louwrika van Eck toon baie groot belofte.

Die klub sien uit na 'n baie aangename seisoen en suksesvolle toernooi.

*Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Eienaars en uitgewers: Die S.R. van die P.U. vir C.H.O.*

GISELA MAIWALD
Fotograaf en Fotografiese Dienste
TOMSTRAAT 100 —— POTCHEFSTROOM